

Inhoud Hierdie preek wys dat die Kerk van de Here nooit 'n gemeenskapskerk is nie. Daarom kan gelowiges nooit saam met ongelowiges besig wees met gemeente en kerkbou nie, terwyl hulle in alle ander gemeenskapsake saam met die gemeenskap betrokke is. Daarom kan gelowiges nie vandag saambou aan spirituele kerke, missionale kerke, gender-kerke, vols- en nasie-kerke nie.

Skriflesing Esra 3: 11-13; 4: 1 – 6; Esegïël 36: 24 – 28; Johannes 20: 24 – 28.

Teks Esra 4: 3 “Julle het niks met ons te doen wanneer dit kom by die bou van die huis van God nie, want ons alleen sal dit vir die Here, die God van Israel bou, soos Kores, die koning van Persie ons beveel het.”

Tema Christus verheerlik sy Naam deur ons hom te laat aanbid

1. Is ons as gemeente die huis van die Here die God van Israel of is die gemeente 'n gemeenskapskerk?

Dit is saaklik presies die keuse waarvoor die kerk van die Here in ongeveer die jaar 520 v.C. met die heropbou van die tempel in Jerusalem gestaan het. Hulle het sopas die fundamente van die tempel klaar gelê. In ons taal was dit die hoeksteenlegging van die tempel en nou moes hulle met die tempelbou self aangaan. Wat hulle voor hierdie keuse gestel het was 'n aanbod uit die gemeenskap om saam met Israel die huis van God te bou: “Laat ons julle help bou, want soos julle streef ons ook die wil van julle God na. ... Ons bring al aan hom offers sedert Esarhaddon” (Esra 4: 2)

Die gemeenskap wil saam met Israel kerkbou aan een kerk as hulle almal se kerk!

Wie is dit wat die tempel wil herbou?

Dit is hulle wat deur hulle geloof in God se verbond uit Babel teruggetrek het na Palestina toe na hul ballingskap. Dit was nie al die Jode wat uit Babel terug getrek het nie. Dit was eintlik net 'n klein groep wat teruggetrek het. Baie Jode het hoë regeringsposte in Babel bekleed, soos selfs Esra en Nehemia. Baie het eie besighede begin, eiendom verkry en 'n nuwe lewe in Babel begin waarin hulle weer welvarend geword het.

Wie teruggekom het was nie 'n sosiale groep soos armes of 'n nasionalistiese groep wat weer 'n onafhanklike volk en nasie wou wees nie, maar hulle wat in die Woord van die profete geglo het dat God sy verbond hou om hulle weer sy kerk te laat wees en Hy weer hulle God sal wees volgens die verbondsbeloftes soos in Esegïël 36: 24 – 28.

2. Hulle wie glo in God en sy verbond met hulle wil vir God die tempel in Jerusalem herbou. Hulle het God vertrou dat volgens Esegïël 36: 24 – Hy hulle weer uit al die lande waarin Hy hulle met die ballingskap verstrooi het, self weer bymekaar gemaak het om weer sy volk in Palestina te wees. Hulle het geglo dat God hulle van hul sondes en van afgodsdienste sal reinig, hulle sy Gees sal gee, hulle goddelose hart

wat afgode aanbid sal verwyder en 'n hart sal gee wat net hom, die ware God sal aanbid en wat sy Tien Gebooie só sal laat werk dat hulle dit kan onderhou.

Hulle wil weer die tempel herbou as plek vir die openbare aanbidding van die Here God. Hulle wil God in openbare byeenkomste aanbid omdat God sy Naam geheilig het (Ese. 36: 23) deur sy verbond met hulle te onderhou om sy volk te wees en hulle God te wees. (Ese. 36: 28)

Hulle wil bevry uit die mag van afgodsdienste en die gevolge van hul afgodsdienste – hul ballingskap – God weer aanbid in die tempel, vry van afgodsdienste, gereinig van sonde en met liefde vir God.

“Ons wil saam met julle kerkbou”, sê die gemeenskap van Palestina vir die gelowiges wat besig is om die tempel te herbou.

Wie is hierdie gemeenskap wat wil saam kerkbou? Dit is die Samaritane! Die Samaritane was mense veral uit Sirië, maar ook uit die hele Ou Nabye Ooste, wat Noord Israel beset het nadat die 10 stamme van Israel deur Assirië verower en weggevoer was. (Esra 4: 2)

Hulle het almal hul eie afgode aanbid en toe hulle in Israel kom, Die Here god van Israel as nog een van hul afgode aanvaar en aanbid. Hul verklaring dat hul na die Here God se wil streef en vir Hom offers bring, beteken hulle aanbid Hom as een van hul gode.

Hulle wil saam met Israel 'n tempel bou vir nog een van die gode van die gemeenskap: as net nog 'n manier waarop die gemeenskap God aanbid!

3. Israel bou 'n tempel in die geloof dat die enigste ware God sy Naam heilig deur hulle sy volk te laat wees en vir hulle God te wees.

Hulle bou hierdie tempel met die erkenning dat hulle die Here se Naam ontheilig het soos Esegïël dit in Eseg. 36: 23 aangekondig het. Hulle het die Here se Naam ontheilig in die vorige tempel in Jerusalem deur van God net nog 'n afgod soos al die ander nasies te maak het. Hulle het die Here hul eie volk en nasie god maak wat hulle belange moes dien. En toe gee die Here hulle oor aan die mag van die afgode van die nasies wat hulle in ballingskap laat gaan.

Dit is die diepte van die geloofsverklaring aan die gemeenskap - “Julle kan nie saam met ons tempelbou nie. Die rede vir ons ballingskap was omdat ons van die Here net nog 'n gemeenskapsgod maak het, van sy aanbidding net nog 'n manier van afgodsdienste maak het en van onself as volk van God net nog 'n gemeenskapsinstelling maak het. Ons kan nie. Ons kan nie weer nou dieselfde sonde doen wat die rede vir ons ballingskap was nou dat ons uit balling terug gekom het nie.”

Hulle bou as volk van die Here vir die Here 'n openbare aanbiddingsplek om Hom as die enigste ware God aanbid te word. Hulle bou nie net nog 'n aanbiddingsplek vir die gemeenskap om die Here as net nog 'n god te vereer nie. Die Here heilig sy

Naam as God om net hulle sy volk te laat wees en hulle heilig die Here deur net Hom as die enigste ware God te aanbid.

Vir hierdie keuse om die Here nie net nog 'n god vir die gemeenskap te laat wees en die heiliging van sy Naam nie net nog 'n manier te maak waarop alle gode vereer kan word nie, moes Israel toe die gevolge dra. Deur nie saam met die gemeenskap vir die gemeenskap 'n gemeenskapskerk te bou nie, het die gemeenskap hulle as openbare vyand van die gemeenskap verklaar.

4. Toe Israel nie saam met die gemeenskap net nog 'n gemeenskapskerk wou bou nie, het die ware bedoeling van die gemeenskap se saambou versoek na vore gekom. Hulle aanbod om saam 'n aanbiddingsplek vir die gemeenskap te bou, was uit hul vyandigheid teenoor die aanbidding van die Here God as die enigste God. Hulle belydenis dat hulle ook die Here God aanbid en ook vir Hom offers bring was die ontering van Hom as net nog 'n afgod, nie die erkenning van die Here God as die enigste ware God nie.

Omdat Israel nie die Here as afgod wil onteer saam met dig gemeenskap nie, word hulle tot die openbare vyand van die gemeenskap verklaar.

Hulle word openlik aangeval vir die tempelbou. Hulle word met dreigemente van geweld afgeskrik en toe dit nie werk nie word hulle polities verdag gemaak sodat die regering hulle as vyand van die gemeenskap moes sien en so teen hulle optree. Dit het die Samaritane gedoen deur hoë amptenare in die Persiese regering om te koop om die Israel by die koning verdag te maak en hom te agiteer om teen Israel op te tree. Hulle het dit in 'n amptelike verklaring só verwoord: Israel is opstanding, sleg en stook opstand; hulle herbou die stad om in verzet te kom teen die regering; hulle tas die eer van die koning aan; hulle gaan nie meer belasting, tolgeld en heffings betaal as hulle die stad herbou het nie en die koning gaan sy politieke beheer oor die hele gebied verloor. (Esra 4: 12 – 15)

Hierdie politieke verdagmakery was net omdat Israel nie 'n gemeenskapskerk wou wees nie. En dit het gewerk. Die regering het hulle kerkbou gestop en hulle herbou van die tempel as politieke opstand teen die regering verklaar. Die kerk is as openbare vyand verklaar omdat hulle nie die Here as net nog 'n afgod wou vereer nie.

5. Tomas roep Jesus Christus aan as “my Here en my God! Joh. 20: 28

Hierdie aanbidding is die aanbidding van Jesus Christus as die Here God van Israel. Dit is hoe Christus Homself in Joh. 8 openbaar het as die Here wie is wat Hy is. (Ex. 3: 14) Christus is die Here wat Homself aan Moses openbaar het. Volgens Joh. 3 gee Christus aan ons die Gees wat die verbondsbelofte van reinheid, vryheid van afgode en 'n nuwe hart wat god gehoorsaamheid in ons lewe waarmaak. Volgens Joh. 2 is Jesus se liggaam die nuwe tempel want in ons vereniging met Hom as mens kan ons God as ons Here en God aanbid. Christus alleen is die weg, die waarheid en lewe. Net deur Hom kan ons die Here van god van die skepping aanbid. Christus is nie nog 'n weg, 'n deel van die waarheid of net nog 'n ervaring van die lewe nie. Hy alleen is die Here God van Israel en net ons wat in hom glo soos Hy Homself openbaar het, is sy kerk.

Wanneer ons 'n kerk-instelling oprig, ons 'n gemeente organiseer, 'n gebou oprig vir die openbaring aanbidding van Jesus Christus en in eredienste Hom aanroep as ons Here en God, as dit "kerkbou", is, dan doen ons dit as gelowiges en nie as gemeenskap nie. Die gemeenskap kan nooit saam met ons kerkbou nie omdat die Here sy Naam heilig in ons aanbidding as die enigste ware God. Ons kan nooit saam met die gemeenskap net nog 'n gemeenskapskerk bou waar God op net nog 'n manier aanbid word deur die gemeenskap nie.

6. Ons as kerk van die Here Jesus Christus, die Here God van Israel, staan vandag voor dieselfde keuse in die gemeenskap wat saam met ons wil kerkbou, wat eintlik net 'n politieke dreigement is dat ons nie Jesus Christus as die enigste ware God mag aanbid nie.

Die gemeenskap wil saam met ons kerkbou om van die Here Jesus net nog een van die afgode van 'n goddelose gemeenskap te maak. En wanneer ons nie hulle toelaat om saam só 'n kerk te bou nie, maak hulle ons as vyande van die openbare gemeenskap en regering verdag, as mense wat in rebellie is omdat ons geken word as 'n opstandige groep mense!

Ons kan nie! Ons het juis in ons eie ballingskap gegaan en in ons eie land vreemdelinge geword omdat ons van die Here Jesus net nog 'n gemeenskapsgod gemaak het. Ons het die Here Jesus ons volksgod gemaak en sy Naam as volksgod misbruik. Ons het in die staat ons krag gevind vir ons godsdiens en toe verander God die staat en verval alles wat ons in sy Naam as die God van ons volk en ons as sy gemeenskap gedoen het.

Daardeur het die Here ons weer die vryheid gegee om Hom alleen as Here God te aanbid deur die krag van sy Woord en sy Gees, nie deur die krag van 'n regering en 'n gemeenskap nie.

Ons kan nie! Al is ons nou verarm en sukkel ons met kerkbou, kan ons nie na ons sonde om die Here Jesus ons eie gemeenskapsgod te gemaak het, dit weer doen nie. Ons kan nie nou saam met die nuwe nasie van die Here Jesus die god van die nasie maak nie.

Ons kan nie met ons kerkbou net weer 'n gemeenskapskerk bou nie. Ons kerkbou is in die aanbidding van Jesus Christus as Here en God. Ons kan nie saam met die gemeenskap net nog 'n gemeenskapskerk vir nog 'n gemeenskapsgod bou nie.

7. Ons wil saam met julle 'n spirituele kerk bou sê die gemeenskap se geestelikes! Ons wil saam met julle 'n spirituele kerk bou waarin ons mistieke eenheid met God kan beleef in meditasie. Ons wil stil sit en leeg word van gedagtes en gevoelens, na stilte luister en een met God in ons leegheid word.

Nee, ons kan nie! Ons kan nie só saam met die spiritueles van die gemeenskap kerkbou nie! Ons sit stil en luister na God se verkondigde Woord en oordink dit in ons gedagtes en word in ons gevoel deur sy Woord aangeraak. Julle kan nie hier kom sit en na stiltes luister nie! Ons bid. Ons mediteer nie. Ons roep God aan en

dank, loof prys en eer Hom in gebed met woorde uit ons hart. Julle kan nie tussen ons kom sit en niks vir God sê nie.

Ons wil saam met julle 'n missionale gemeenskapskerk bou, bied die geestelikes van die gemeenskap aan. Ons wil julle uit julle eredienste kom haal waar god nie regtig is nie. God wag vir julle by die slaggate in teerpaaie, by woonbuurte vol vuilis en rioolpype wat nie werk nie. Wanneer julle uit julle geloofsgemeenskap uitkom en gratis vrywillig gemeenskapsdiens kom doen, veral in ander gemeenskappe as julle eie, sal julle die god van de gemeenskap saam met ons vereer! Nee! Ons kan nie saam kerkbou nie. Ons eer die Here Jesus in eredienste en dien Hom in ons arbeid. Ons ontmoet hom nie by "potholes" en vuilishope nie!

Ons wil saam met julle 'n genderkerk bou! Elke mens kies vir hom 'n "gender" wat uitdrukking aan sy eie seksuele drifte gee en dan wil ons ons "gender" in julle eredienste kom vier saam met julle! Ons kan nie! Ons vier nie "genders" nie maar die Here wat ons man en vrou maak en verenig om 'n gesin te wees wat Hom aanbid!

Ons wil saam met julle 'n nasie-kerkbou! Ons gaan die nuwe burgerlike gemeenskap vier as God se versoening tussen mense. Ons kan nie saam kerkbou nie. Ons versoening is met die Here Jesus Christus wat die offer vir ons sonde is en ons as geloofsgemeenskap vergader, nie as 'n nuwe nasie nie. Ons kan nie saam 'n nasie kerk vir die gemeenskap bou in God se Naam nie.

8. En as julle ons nie toelaat om saam kerk te bou nie, gaan ons julle dreig, geweld aandoen, met korrupsie ondermyn en julle by die regering verdag maak as rassiste, anargiste, homofobies, fundamentaliste, wêreld-ontvluggend, biblisiste, onwetenskaplik en gemeenskapsvreemd. Ons sal die wet van die land gebruik om julle in howe te verplig om 'n gemeenskapskerk te wees anders sal ons die gemeenskap teen julle opmaak! Dit is die vyandigheid uit die gemeenskap teen ons omdat ons kerk van die Here en nie 'n gemeenskapskerk wil wees nie. .

Die ironie was dat Israel die tempel vir die Here god gebou het, nie teen nie maar volgens die Persiese wette. (Esra 5 en 6) Net is so dit juis ironies dat binne die grondwet van ons land, het ons ook die reg om vir die Here Jesus gemeentes op te bou waarin ons net Hom as Here en God aanbid. Ons kan nie wanneer ons net Christus aanbid en sy kerk is, regtens verdag gemaak of aangeval kan word omdat ons nie net nog 'n gemeenskapskerk is of wil wees nie.

Ons moet kyk hoe versigtig soos slange en opreg soos duiwe die gelowiges die gemeenskap se saamkerkbou aanbod van die hand gewys het. (Esra 4:3 2021 vertaling) Net met kerkbou kan julle nie saam met ons bou nie. Want ons bou nie 'n kerk vir die gemeenskap se gode-verering nie. Dieselfde antwoord beteken dat ons in alle ander gemeenskapsake sal saam werk en saambou van skool tot besigheid!

Nie weer nie! Ons gaan nie weer met die gemeenskap 'n gemeenskapskerk bou nie, ons ken daardie sonde en gaan dit nie weer doen nie. Ons bou vir die Here 'n gemeente waar ons net Hom as enigste God aanbid op die enigste manier waarop Hy aanbid mag word – volgens sy Woord.

